JUNIE 2025

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

“Family : Small moments in time creating memories that last a lifetime.”
Simple well balanced

Ons gemeenskap staan nou weer voor baie van ons se gunstelingtyd van die jaar! 'n Tyd vir ontspan en saam wees. Ek glo steeds daar is nie 'n beter tyd van die jaar om as 'n gesin bymekaar wees as die wonderlike wintervakansie nie.

Kom ons koop die tyd uit saam met ons kinders en bou herinneringe. Rus en ontspan saam.

Dit was 'n baie besige tweede kwartaal en ek is dankbaar dit het so goed gegaan. Ons kinders het oor die algemeen pragtig akademies gevorder. Daar is baie geleenthede geskep vir almal om aan sport deel te neem. Daar is so baie goeie prestasies behaal en ons kan regtig trots wees op ons kinders, personeel en ouers wat tot dit bygedra het.

Gaan geniet nou ‘n welverdiende ruskans as gesinne saam.

*Pieter de Bruyn*



## KARAKTERKAMPIOENE

Die volgende leerders is aangewys as karakterkampioene.

Graad 1: Marli Coetzee vir ‘n baie netjiese werker.

Graad 2: JM Lingenfelder vir ‘n gehoorsame leerder.


Graad 3: Christopher Wagener vir hy gee sy beste en werk hard aan homself.

Graad 4: Luah du Toit vir ‘n vriendelike dogter.

Graad 5: Melia Burger vir omgee vir ander.

Graad 6: Ian Naude vir werk hard aan homself.

Graad 7: Stephan du Toit vir hardwerkendheid.



Dit is vir ons as personeel ‘n riem onder die hart om te sien dat ons leerders die waardes van ons skool ter harte neem en uitleef. Julle maak ons trots!





# TENNIS

Baie geluk aan die volgende leerders wat aan die 2 de been van die Kaapse Wynland tennisproewe deelgeneem het op, 6 Junie 2025.

Uitslae:

| | |
|---|---|
| Markus - 4de | Cassie - 8ste |
| Anmari - 1ste | Frans - 16de |
| Daniël - 4de | Helene - 3de |
| Ben - 10de | Cara - 6de |
| Wikus - 14de | Zané - 11 de |
| Zoey - 6de | |
| Christopher du Toit - 4 de | |

Die laaste proewe vind plaas op 30 Augustus 2025.



Hierdie tennisspelers van ons skool het die afgelope naweek deelgeneem aan die Worcester Prokennex tennistoernooi. Trots op julle!

# EISTEDDFOD

Baie sterkte aan al die leerders wat hierdie jaar weer aan die Paarl Vallei Eisteddfod deelneem!

Alle voordrag word die 29ste Julie 2025 tussen 09:00 en 12:00 opgeneem. Deelnemers moet gewone klere aantrek.

# LEIERSKAP

As deel van hierdie jaar se leierskapontwikkeling, kry elke leerder die geleentheid om klaskaptein te wees vir 'n week! Ons is opgewonde om te sien dat leerders hierdie taak met entoesiasme aanpak.

Ons het gedurende die kwartaal na video's gekyk oor jong leiers wat 'n verskil maak. Moedig u kind aan om, al is hy/sy jonk, 'n verskil te maak.
Druk hier om die video weer te kyk.

# UITSTAPPIE



# SPORTNUUS

Ons wil baie sterkte sê aan Stephan du Toit wat aan die o.13 Craven Week deelneem en Junishia Muller wat aan die Wes-Kaapse Inter Distrik Toernooi die vakansie gaan deelneem.





# BUITELUGSKOOL

MELKBOSSTRAND

Ons gaan hierdie jaar na `n nuwe buitelugskool. Ons is baie opgewonde oor hierdie geleentheid.

- **PLEK: MELKBOSSTRAND**
- **KOSTE: R960 PER LEERDER**
- **DATUM: 12-14 NOVEMBER**
- **WIE: GRAAD 5 TOT 7**

Die Graad 4's gaan ongelukkig nie saam nie. Hulle het skool soos normaalweg. Meer inligting oor die buitelugskool sal nader aan die tyd gegee word.

# SPORTDATUMS

Sportdatums vir Kwartaal 3.

Ouers maak asb. seker dat u nie iets reël wat saam `n sportdag val nie.

Elke leerder in die verskeie sportspanne is belangrik.

26 Julie - Laerskool Ashton Pikkie sportdag (o.7 tot o.9 weg)

2 Augustus - Laerskool Pomario sportdag.(weg)

9 Augustus - Stilbaaitoer

16 Augustus - Laerskool Wynland (Tuis)

28 & 29 Augustus - FCF (weg)

4 September - FD Conradie (Tuis)

Ligawedstryde word gedurende die week gespeel.





# NTA 2025




Baie geluk aan juffrou Ammie met haar 2de plek in ons distrik by die jaarlikse Nasionale Onderwyser Toekennings in die kategorie "Excellence in Technology".

# ONS WORD 60

Ons word hierdie jaar 60 jaar oud! Nooi ou vriende van die skool en kom kuier lekker saam op die 1ste Oktober.





# STILBAAI TOER

## 8 - 9 Augustus 2025

Die kostes beloop R 600 per leerder wat saam met die skool se verblyf bly. Dit sluit aandete en ontbyt in.
Juf. Lize sal met die ouers kontak maak wat aangedui het wie bly saam die skool.

# UITSTAPPIE

Graad 5 leerders het die meeste lootjies verkoop. Hulle beloning was om na be.UP park in Pinelands te gaan.
Dit was ongelooflik lekker en elke kind het alles wat die park bied geniet.
Dankie juf. Lize en oom Elton vir die vergesel van die leerders.




# GRAAD 7 FONDSINSAMELING




# AKADEMIE WOEMA

Ons is baie trots op die vier leerders wat hierdie kwartaal gewys het dat hulle WOEMA het. Hierdie leerders se punte het met 5% of meer verbeter van kwartaal 1 na 2.



Graad 5
Niël de Wet
Helené du Toit
Zenith Julies

Graad 7
Rian Engelbrecht

# AKADEMIE TOP 3

Graad 4

1. MW Pretorius - 89.2%
2. Gabriella du Toit - 88.5%
3. Ameerah Paulse - 81.3%

Graad 5

1. Cassie du Toit - 90.2%
2. Frans le Roux - 89.8%
3. Zané Bothma - 89.7%

Graad 6

1. Dinozzo van Huffel - 91.5%
2. Wikus Bothma - 91.3%
3. Mia Gagiano - 89.8%

Graad 7

1. Gys du Toit - 92.6%
2. Stephan du Toit - 89.2%
3. Abreline Pieters - 89.1%

# TRANSKRIBEERDERS

Baie dankie aan die vrywilligers en personeel wat gedurende die eksamen vir sommige van ons leerders gelees en -skryf het.
Karen, Ilani, Natalie, Cecile, Elzanne en Barbara.
Lizzy, Hanle, Frieda en Francelene.
Dankie vir julle betrokkenheid tyd en omgee.

# FONDSINSAMELING

Baie dankie aan die borge wat ons skool ondersteun. Elke skenking dra by tot die sukses van ons fondsinsameling.

Est. 2016 Dovetail Wooden Boxes & Gifts
Amazing Pies
Ultima
Ceres Zip Slide Tours
Iona Monopole
Nina & I
Mount Ceder Kalamata Olives
Salon Rietha
gaikou LODGE

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

Wimpy
Amanda's Photo Journeys
the Village restaurant & guesthouse
GC est 2017
an Photography
Mabru Marais Photography
Loxtonia Cider
Baliesgat

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

belle âme Bridal · Hair · Makeup
Donkerbos
Uit die Plaaskombuis
Slagtery Geldenhuys Butchery
Kransnes Suiwer Heuning Pure Honey
joy gasvrou
Basson Werksdrag / Workwear
belle skincare
Kotie se Olywe

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

Pêrel Sport BK
Escape health & beauty
Zooridge
Suit first Nails
Doornkraal Agri

Sonja van Schalkwyk
Allison Hufke
Jonathan Wagener
Paul Moses
Lizzina Swarts
Wolwerivier
Vinlic Afrikaner
Vanessa Salmon

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

Ceres Motolek
Harvest Table Winterberg B&B
Tittewyt
Ruach Photography
Kekkel en Kraai
Skatkis
SAlogistics
Koue Bokkeveld Opleiding Sentrum
realIPM biological crop protection

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

60 JAAR HERDENKING 1965 - 2025

LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD

NET DIE BESTE

*Baie dankie vir u ondersteuning!*

# MANNEAAND 2025

Ons skool se twee-jaarlikse Manneaand was 'n groot sukses. Donderdag, 5 Junie 2025 was 'n gedenkwaardige aand in die geskiedenis van Laerskool Koue Bokkeveld. Die skool se 2025 Manne-aand en veilig was 'n groot sukses, met puik ondersteuning van borge, gaste, spanlede en die gemeenskap.

Meer as 200 gaste het die aand bygewoon en die insamelingteiken is ver oorskry. Die veiling self is deur MC du Toit, uitvoerende hoof van BidX1 SA, met entoesiasme en professionele flair aangebied. DB slootgrawersdiens en CT Grondverskuiwing was die hoofborg van die aand.










*Dankie*

'n GROOT dankie aan Jeanette Clark en Cathy du Toit wat hierdie aand so deeglik beplan en uitgevoer het.



# PRETDAG

Na 'n kwartaal van harde werk en net hul beste se gee, sluit ons die kwartaal af met 'n groot bederf!






Volgende kwartaal fokus ons verder op uitnemendheid!

